**AFRIKAANS – *“Where is your home?”***

# WAAR IS JOU HUIS ?

Die meeste van ons het ‘n plek wat ons ons huis noem. Dit mag miskien nie so pragtig of goed gemeubileerd soos ander wees nie, of dit mag ook nie so gerieflik wees nie, maar dit is ons huis en dit maak ook nie saak waar ons kuier of waar ons heen reis nie, ons is altyd bly om weer na ons eie huis terug te keer. Die ander plekke wat ons besoek mag miskien in baie opsigte mooier en beter wees, maar dit is nie ons huis nie en ons verlang maar altyd om weer terug te wees. Daar is iets omtrent ons huis wat ons altyd verwelkom en ons laat voel dat ons daar behoort.

## ONS IS SLEGS BESOEKERS HIER

God se Woord vertel ons dat ons slegs vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld is *1 Pet. 2:11; Heb. 11:13.* Ons huise hier, alhoewel miskien goed gebou, is maar tydelik, en die mure sal eendag begin bars, die dak sal begin lek, die wind sal deur die deure en vensters waai, en nie meer lank nie dan val die pleister af en stadig maar seker sal die huis begin inval. Geen gebou op hierdie aarde sal vir ewig hou nie, nee, hulle is slegs vir ‘n tyd en dan is hulle verlate en in puin. Kyk om jou heen en oral sal jy tekens sien as bewys dat niks in hierdie wêreld blywend is nie en dat alles verbygaan, asook ons huise.



**ALMAL, HET EGTER 'N PERMANENTE HUIS**

Elkeen van ons, of ons dit nou weet of nie, het 'n permanente, ewigdurende huis. Dit is die huise waarheen ons gaan, wanneer ons lewens op hierdie aarde tot 'n einde kom en ons liggame in die graf gelê word. Ons siele gaan dan na hulle huise waar ons nie meer vreemdelinge sal wees nie maar waar ons van ewigheid tot ewigheid sal wees. Die een huis word aan ons beskryf as die poel van vuur en swawel, waar die dier en die valse profeet is en waarin die duiwel ook gewerp sal word tesame met dié wie se name nie in die boek van die lewe opgeskryf is nie ***Open. 20:10-15.*** In hierdie magtige vlammegolf, in hierdie pyniging en skroeiende hitte sal daar 'n geween en 'n gekners van tande wees en die grynslag op die duiwel se gesig, en die walglike gelag van die bose geeste sal die aakligheid en verskriklikheid nog vererger. Daar sal geen vertrooster of hulp wees nie; die verdoemdes sal alleen in hulle angs en pyniging wees en sal wens dat hulle meer sorgvuldiger na die Evangelie van Jesus Christus geluister het. Hierdie vuurgolwe, die plek van pyniging, die plek wat hel genoem word, sal hulle huis wees, want "Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" *Rom. 3:23.* Dit is die huis van die egbrekers, hoereerders, onreines, afgodedienaars, die wat met towery omgaan, die wat ander haat, die jaloerse, die leuenaars, die dronkaards, die dief, die verleiers, die oneerlikes, die moordenaars, die wat van baklei hou, die luiaard, die hoogmoedige, die wat die dinge van die wêreld begeer, die wreedaard, die gulsige en die liefhebber van geld en die wat die wêreld en die dinge van die wêreld liefhet *Gal. 5:19-21; Open. 21:8.* Dit is die huis van hulle wat geweier het om die Here Jesus Christus as hulle persoonlike saligmaker aan te neem. "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" *Gal. 6:7.* Wat ons in begeerlikheid en in die vlees saai sal ons in die hel maai. Staan net stil en kyk hoedat 'n sondaar na sy huis gaan, die huis wat syne is, omdat hy nooit die Verlosser aangeneem het nie. Die verharde sondaar gaan die dood tegemoet met 'n pynlike liggaam en sy siel vol van vrees vir die dood. Die dood het op 'n onverwagte en ongewensde tyd gekom en kyk wreedaardig na sy prooi. Die genot van sonde is nou verby en die verskriklike en hoë prys van sonde moet betaal word. Die angs van die hel neem besit van sy vreesagtige siel en gees. Alhoewel hy graag wil bid is hy nie instaat om in aanraking of in gemeenskap met God te kom nie. Sy eertydse vriende is bang om by sy sterfbed te staan en hulle leë woorde van vertroosting kan hom nie help nie, en rykdom wat hy miskien deur bedrieëry bekom het kan sy siel nie red nie of sy pyn verlig nie, of sy lewe verleng nie. Alhoewel hy aan God probeer dink, gee die satan hom geen geleentheid daartoe nie. Alles wat hy in die wêreld lief gehad het en voor geleef het lyk of dit hom bespot en selfs sy valse wêreldse herder is nie by magte om hom te help nie. Nou

begin hy besef **dat dit ‘n vreeslike ding is om in die hande van die lewende God te val** *Heb. 10:31.* Hy het gehoop om met God op sy sterfbed reg te maak maar vind dat dit te laat is. Duisende mense sterf skielik sonder ‘n kans om God te soek op hulle sterfbeddens. Daarom word ons vertel om God te soek terwyl Hy te vinde is. Instede van te luister na die trooswoorde van God, moet die sterwende sondaar, wat die genade en liefde van God in sy lewe verwerp het, nou na die stem van sy Regter luister, die Redder wat hy verwerp het en wat sê: “Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.” *Matt. 25:41.* “Dit is die mens bestem om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel” *Heb. 9:27.*

**KOM LAAT ONS NOU NA DIE BETER HUIS KYK**

In hierdie huis is daar geen nag nie, geen lampe en geen son is nodig nie, omdat die Here die lig gee *Open. 22:5.* Daar is geen siekte, geen verdriet, geen honger of dors nie, niks ontbreek, geen lyding nie, daar is geen vrees of dood nie *Open. 21:18.* “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ‘n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet *1 Kor. 2:9.* Die heerlikheid van die hemel kan in geen aardse taal verduidelik of beskryf word nie dit is eenvoudig wonderlik en glorieryk. Dit is die huis van die verlostes. Geen sonde sal ooit daarin kom nie en daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam *Open. 21:27.* Jy kan hierdie huis nie met geld of goeie werke koop nie. Jy kan nie oor sy mure klim nie, geen kerk seremonie kan jou dit gee nie, daar is slegs een weg en dit is deur Jesus. Hy het gesê: “Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” *Joh. 14:6.* Jesus vertel ons in *Joh. 14:2* omtrent die huis wat Hy berei, maar hierdie hemelse huis is slegs vir die wie se sondes vergewe is en wie se harte en lewens rein is. Baie trek vir hulle sekere klere aan in die hoop dat hulle daardeur in die hemel sal kom. Nee, dit is die hart bo alle dinge wat gereinig moet word, en ons moet heilig lewe, regverdige lewens lei en nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie.

Aangesien ons dan almal sondaars in God se oë is en almal op pad hel toe is, is daar slegs een ding om te doen. “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” *1 Joh. 1:9.* Jesus het gesê: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.” *Joh. 11:25,26.* “Wie My Woord hoor en Hom glo wat my gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe” *Joh. 5:24.* Die dood hou geen vrees nog pyniging in vir die Christen, “Dood is verslind in die oorwinning.

Dood waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning? Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus" *1 Kor. 15:54-57.* .... Iemand wat vir God gewandel het, het geen vrees vir die dood nie. Wanneer sy tyd kom om afskeid te neem gaan hy met blydskap, soos die Apostel Paulus sê ... "Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees want dit is verreweg die beste" *Fil. 1:23.* 'n Christen verlang om die gesig van Jesus te sien wat vir hom gesterf het en hom verlos het op die kruis. Die Heilige Gees herinner hom ook aan die woorde van Jesus: **"Laat julle harte nie ontsteld word nie, glo in God glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings. Ek kom weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."** *Joh. 14:1-4.*

Laat ons nou vir 'n oomblik stil staan en kyk hoedat 'n Christen na sy huis toe gaan. Instede van die vreesagtige dood, word die engel of boodskapper van God gesien wat veg om die regverdige gees na God terug te neem. Siel en gees word van die verganklike liggaam geskei en styg op deur die oop poort van die hemel na die boesem van Hom Wie sy siel lief gehad het, vir Wie hy geleef en gesterf het op die aarde. 'n Vreugdevolle verwelkoming wag op hom in die teenwoordigheid van God waar hy deur sy Heer en Meester met die volgende prysenswaardige woorde begroet word: "Mooi so, goeie en getroue slaaf, gaan in die vreugde van die Heer" *Matt. 25:21.* Satan het geen mag oor hom meer nie, want "Kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote" *Ps. 116:15.* "En ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle" *Open. 14:13.*

Wil jy nie nou doen soos wat die verlore seun gedoen het nie, wat ver weg van die huis af was, wat sy ellendige lewe en sy behoefte gesien het en gesê het: "Ek sal opstaan en na my vader gaan" *Luk. 15:18.* Gee jou lewe **nou** aan Jesus, doen dit **nou** daar waar jy is; val op jou knieë en bely voor God dat jy 'n sondaar is en vra Hom om jou in Sy kosbare Bloed te was en neem Hom in jou lewe aan, en onderwyl jy dit doen, draai jou rug op satan en op die weg wat na die verderf lei en begin op jou weg na jou hemelse huis.

*M.R. Gschwend.*

---

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan: **E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)